



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LEESBEGRIP

- **Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.**
- **Sou die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk).**
- **Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Die rede/motivering verdien die punt.**
- **Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.**
- **Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeusevrae.**

VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

- 1.1 1.1.1 Onwaar
- 1.1.2 Sanger
- 1.2 "binne enkele minute"
- 1.3 Hulle wil dit **in skole (oor die hele land)** aanspreek.
- 1.4 Alle vorms van boelie (gedrag)/
Mishandeling/
Geweld/
Misbruik van wapens/
Misbruik van dwelms/
Misbruik van alkohol
(Enige een)
- 1.5 leierskap/
Integriteit/
Respek/
Positiewiteit
(Enige een)
- 1.6 Kinders wat geboelie word, **praat nie** altyd daaroor nie./Hulle **bly stil**.
- 1.7 Hulle kan hulleself beseer./
Hulle kan hulle eie lewens probeer neem./
Hulle kan die boelie se besittings beskadig.
(Enige een)
- 1.8 Daar is **altyd iemand**/'n **getuie** wat hulle dit sien doen.
- 1.9 Hy/sy moet dit óf rapporteer óf probeer stopsit.
(Enige **sinvolle** antwoord kan aanvaar word)

VRAAG 2 ADVERTENSIE

- 2.1 Outsurance
- 2.2 Mense wat drink en bestuur/... drink en nie dan wil bestuur nie/mense wat
 uitgaan en te veel drink om te kan bestuur.
 (iets soortgelyks)
- 2.3 Waar jy altyd iets uitkry
- 2.4 Vriend/maat/maatjie
- 2.5 Die "Y" van buddy lyk soos 'n drankglasie (met 'n sambreeltjie in).
 (iets soortgelyks)
- 2.6 Pers is een van die twee kleure wat met Outsurance geassosieer word./Dit
 versterk die produkidentiteit.
 (iets soortgelyks)
- 2.7 2.7.1 Onwaar
 2.7.2 "... 'n verdere koste-per-kilometer ..."
- 2.8 2.8.1 Onwaar
 2.8.2 "en nou ook"

VRAAG 3 SPOTPRENT

- 3.1 Hy leun met sy arm op die stoel./Hy kruis sy een been oor die ander./Waai met sy vinger/glimlag op sy gesig/staan gemaklik.
(Enige een)
- 3.2 Hy het sy skoolklere aan./Sy skoolsak hang oor sy skouer./Hy het (so pas) sy rapport vir sy pa gegee.
(Enige twee)
- 3.3 Hy glimlag.
- 3.4 Hy waai (heen en weer) met sy vinger. Wys sy pa dat hy verkeerd is.
- 3.5 Daar is strepies/lyntjies om sy hand/vinger.
- 3.6 Die sitkamer.
- 3.7 Sy hou haar ken/mond met haar een hand vas./Sy hou haar hand voor haar mond. (Dit kan nie na haar gesigsuitdrukking (frons) verwys nie, want die vraag vra "liggaamstaal" en nie gesiguitdrukking nie.)
- 3.8 Sy hou haar ken/mond (met haar hand) vas./Bedek haar mond/frons.
- 3.9 Hy presteer nie./Hy het gedruip.

AFDELING B OPSOMMING

Die volgende moet in ag geneem word tydens assessering:

- Sinne moet van 1–5 genommer word, geen kolpunte mag gebruik word nie.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt/sin bevat twee feite. Dus tel elke sin 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde moet gebruik word om twee feite te verbind.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Indien kandidaat twee sinne per punt skryf, word slegs eerste sin gemerk.
- Sinne mag nie direk uit teks aangehaal word nie, maar kandidaat mag woorde/frases uit teks gebruik.
- Taalfoute word nie meer gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit betekenis beïnvloed.
- Minus ½ vir elke direkte aanhaling, dus 2½ in totaal.
- Minus 1 as kandidaat nie woordtelling aandui nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is.
- 'n/en/die (lidwoorde) tel as deel van die woordtelling.
- Minus 1 as die getal woorde nie korrek neergeskryf is nie.
- Beplanning MOET doodgetrek word.

VRAAG 4 WENKE OM MOEGHEID TE VOORKOM

1. Jy moet **meer water** drink, want dit kan jou bloedsirkulasie verbeter. (11)
OF
Jy moet **meer water** drink, want dit help die bloed om suurstof in jou liggaam te sirkuleer. (17)
2. **Eet in die oggend of middag** kossoorte wat **proteïene** bevat, want dit gee vir jou die nodige **energie** om te werk. (21)
3. Moenie **te veel koffie** drink nie, want die kafeïen sal jou **ontwater en wakker hou**. (15)
4. Hang **dik gordyne in jou slaapkamer** wat die **lig keer** sodat jy goed genoeg kan slaap. (16)
OF
Jou **kamer** moet baie **donker** wees sodat jy goed genoeg kan **slaap**. (12)
5. Moenie **kitskosse** eet nie, want dit bevat nie die **nodige voedingstowwe** om moegheid te bekamp nie/om energie te verskaf nie. (16)

Aantal woorde: [79][80]

Wenk	Rede
1. Jy moet meer water drink.	Want dit kan jou bloedsirkulasie beter maak. OF want dit help die bloed om suurstof in jou liggaam te sirkuleer.
2. Eet in die oggend of middag kossoorte wat proteïene bevat.	Want dit gee vir jou die nodige energie om te werk.
3. Moenie te veel koffie drink nie.	Want die kafeïen sal jou ontwater en wakker hou .
4. Hang dik gordyne in jou slaapkamer wat die lig keer . OF Jou kamer moet baie donker wees.	Sodat jy goed genoeg kan slaap .
5. Moenie kitskosse eet nie.	Want dit bevat nie die nodige voedingstowwe om moegheid te bekamp nie. OF Want dit bevat nie die nodige voedingstowwe om energie te verskaf nie.

NASIENRIGLYNE

SIMBOOL	OMSKRYWING	AFTREKKING
F	FORMAAT <ul style="list-style-type: none"> Sinne is nie genommer nie. Kolpunte is gebruik (of net reëls oopgelaat tussen sinne). Leerder het in paragraafvorm geskryf. (<i>'n Kandidaat kan –2 verloor indien twee van bogenoemde oortredings begaan is.</i>) 	–1
WT	WOORDTELLING Daar is geen woordtelling aangebring nie.	–1
L	LENGTE Die opsomming is te kort of te lank, d.w.s. minder as 58 of meer as 82 woorde .	–1
LL	Kandidaat het GEJOK oor die LENGTE , bv. hy het 80 geskryf, maar het eintlik 100 woorde.	–1
DA	DIREKTE AANHALING Penaliseer vir elke sin wat direk aangehaal is (frases of woorde uit die stuk mag gebruik word). <i>Indien die aangehaalde sin verkeerd is, word punte nie afgetrek nie.</i>	–½ tot 'n maks. van 2½ punte

ONTHOU

- Elke sin tel 2 punte (vir 2 feite: die wenk én die rede).
- Elke sin móét 'n **voegwoord** bevat (komma of kommapunt werk nie!)
Indien die kandidaat twee sinne geskryf het, merk ons net die eerste sin.
- Elke sin móét 'n **werkwoord** bevat. Geen werkwoord, geen punt!
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Ons penaliseer nie vir taalfoute nie, **MAAR** ons ken net punte toe as swak taalgebruik nie betekenis belemmer nie.

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – *Strelitzia*

- 5.1 Sy sou vir haar seun se (swak) gedrag wou verskoning maak./Haar slegte verhouding met haar seun.
- 5.2 Sy is 'n koue mens/kil/formeel.
- 5.3 "luukse"
- 5.4 5.4.1 Dit beklemtoon hoe **onverwags en skokkend** dit vir haar was om die stukkende plant te sien.
- 5.4.2 Dit **dui visueel aan** dat sy besig is om agteruit in haar oprit te ry.
- 5.5 5.5.1 Sy verlaat die huis elke oggend **stiptelik** om seweur./
Sy het 'n **simmetries** geplaveide siersteenoprit.
- 5.5.2 Haar **verhouding** met haar seun.
- 5.6 5.6.1 Simmetries
- 5.6.2 Reëls 1 en 11 is dieselfde ($\frac{1}{2}$)
Elke strofe het 10 reëls ($\frac{1}{2}$)
- 5.7 Die ma/Susan van Breda/die seun/Susan se seun
(Enige een)

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – "*Mamma*" kan ek nie sê nie

- 6.1 6.1.1 **B OF** antwoord uitgeskryf: vóór sy nog gebore is
- 6.1.2 "van voor tyd se tyd" (reël 7)
- 6.2 6.2.1 Inversie
- 6.2.2 Dit beklemtoon die woord "Mamma" (wat sy nie kan sê nie).
- 6.3 Vrye vers
- 6.4 6.4.1 Die engel
- 6.4.2 Sy sou nie 'n kind gehad het nie.
- 6.5 Hulle sê 'n mens **kan nie dinge weet voordat jy nog gebore** is nie.
(iets soortgelyks)
- 6.6 Dit dui aan dat daar 'n **verduideliking gaan volg** (van dit wat vooraf genoem is).
- 6.7 Haar ma het haar nie lief nie/gee nie vir haar om nie/behandel haar nie
soos 'n ma moet nie./Haar ma wou haar nie hê nie.

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – *Die man se standpunt*

7.1 7.1.1 aabb Paarrym

7.1.2 "... die son so scroei"

7.2 Mans wat glo vrouens ongelyk behandel moet word./
Mans wat glo dat vrouens tuis moet bly en kinders versorg./
Chauvinistiese mans./
Mans met 'n eng uitkyk op die lewe./
(Enige een)

7.3 Dit is warm in die dag, maar koel in die aand.
Hy kan nog steeds in die nag slaap, maar sy moet in die donker kos soek.
(Enige een)

7.4 D (kwatryn)

7.5 Dit dui aan hoe min kos sy (in die donker) kan vind.

7.6 7.6.1 (liefdes-)diens

7.6.2 swaarkry – lekkerkry (moet al twee noem om punte te kry/geen
halfpunt nie)

7.6.3 "Haar diens is 'n liefdesdiens..."

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

- Sin is reg of verkeerd.
- Geen leestekens word geenaliseer nie.

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

- 8.1 Gisteroggend **het** die seun met sy onderwyser **gesit** en praat.
- 8.2 Nee, die onderwyser is **nie meer** besig om sy les aan te bied **nie**.
- 8.3 Die onderwyser praat met die student aangesien hy nie Wiskunde **verstaan** nie.
- 8.4 Die onderwyser sê dat **hy** altyd sleg in **sy** toetse **vaar**.
- 8.5 Die onderwyser se lesse **word elke dag deur die seun ontwig**.
- 8.6 Nadat *die onderwyser/hy* met die seun **geraas het**, **stuur** *hy/die onderwyser die seun/hom* na die skoolhoof toe.
- 8.7 Die huiswerk **sal netjies deur** die seun *by die huis* ingehaal **word**.
- 8.8 Die seun behoort 'n tweede kans **te kry** om sy werk te doen.
- 8.9 Volgende Vrydag **sal** die seun sy boeke by die skool **hê**.
- 8.10 Hy sal elke middag moet studeer sodat **hy** Wiskunde **kan slaag**.
- 8.11 Die seun hoef **nie** alle sport vir ses maande **te staak nie**.
- 8.12 Nee, ek het **nog nooit** van so 'n stoute seun gehoor **nie**.

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Geen spelfoute word aanvaar nie

- | | | |
|------|---|---|
| 9.1 | jong | ½ |
| 9.2 | soggens | ½ |
| 9.3 | So. | ½ |
| | (MOET PUNT OOK BY Hê) | |
| 9.4 | hondehok | ½ |
| 9.5 | troeteldiere | ½ |
| 9.6 | te | ½ |
| 9.7 | nuuskierig | ½ |
| 9.8 | liefdesbrief | ½ |
| 9.9 | vir | ½ |
| 9.10 | Frankryk | ½ |
| 9.11 | glo | ½ |
| 9.12 | onmiddellik | ½ |
| 9.13 | smoorkwaad | ½ |
| | (X, AS JY TWEE PENSTREPE TUSSEN WOORDE KAN DEURTREK) | |
| 9.14 | ergste | ½ |
| 9.15 | in plaas van | ½ |
| 9.16 | koninkie | ½ |

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Daar sal vetgedrukte woorde by elke vraag wees.
- Kandidate moet die vetgedrukte woorde in reaksie/gevoel omskryf. Gegewe woord mag nie gebruik word nie.
- Spelling word nie gepeenaliseer nie tensy betekenisverandering plaasvind.
- By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word.
- $\times \frac{1}{2}$ = inhoud; $2 \times \frac{1}{2}$ = taal
- Minus $\frac{1}{2}$ per tipe taalfout per Vraag (10.1/10.2, ens.) in Kommunikasievraag.
- Kandidaat mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.
- Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan kandidaat nog punt vir taal kry.
- Direkte rede is 'n vereiste.
- Kandidate moet by voorgeskrewe lengte hou.
- Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woorde toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.
- **MINUS HALFPUNT PER RESPONS WAT MINDER AS 15 OF MEER AS 20 WOORDE LANK IS.**

10.1 Hy speel vandag so goed. Ek kan nie glo hy het daardie bal gekeer nie.
(lets soortgelyks) (15 woorde)

Taal: 1
Inhoud: 1

10.2 Ek kan nie nou met jou praat nie, want ek kyk hoe my seun waterpolo speel.
(lets soortgelyks) (16 woorde)

OF

Kan jy asseblief later terugskakel? Ek kan nie nou met jou praat nie, want my seun speel waterpolo.
(lets soortgelyks) (18 woorde)

Taal: 1
Inhoud: 1

10.3 Ag nee!/Deksels!/Verdomp!/Vervlaks! (enige een/of soortgelyks).
Ek kan nie meer foto's van die wedstryd neem nie, want die kamera se battery is pap.
(lets soortgelyks) (18 woorde)

Taal: 1
Inhoud: 1

- 10.4 Jippie!/Hoera! Hou so aan, ouens. Julle is besig om julle opponente 'n goeie pakslae te gee.
(lets soortgelyks) (16 woorde)

Taal: 1
Inhoud: 1

- 10.5 Is jy blind?/Blaas jou fluitjie! (enige een).
Kan jy nie sien dat daardie speler sy opponent se kop onder die water druk nie?
(lets soortgelyks) (19 woorde)

Taal: 1
Inhoud: 1

Totaal: 100 punte